



2025 AKTIWITEIT & WERKBOEK

Graad 12



REKENINGKUNDE

'n Gemeenskaplike inisiatief tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.



Western Cape
Government
FOR YOU

Education



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT



UITSAAI SESSIES

Liewe Graad 12 Rekeningkunde leerder

Welkom by die Telematiese onderrigprojek. Die 2025 Gr 12 Rekeningkunde program is daarop gerig om jou begrip van die Rekeningkundige proses en foci op die **basiese kennis en vaardighede** wat nodig is om suksesvol in Rekeningkunde te wees, te versterk.

Gebruik hierdie geleentheid om dit wat in die klas onderrig was, te konsolideer. Die 2025 Telematiese lesse sal duidelikheid verskaf oor die Kontantvloeistaat, Staat van Omvattende Inkomste en Staat van Finansiële Posisie op graad 12 vlak.

Jy kan op jou eie of met studiemats deur die aktiwiteite werk, maar jy sal meer die waarde geniet deur ook die direkte video lesse te volg en die interaksie met die aanbieder met vrae via SMS, WhatsApp of die Telematiese Facebook bladsy.

Met hierdie vak sal jy toegerus word met waardevolle lewensvaardighede wat jy in enige beroep kan toepas en ook in jou eie persoonlike lewe, soos ordelikheid, deeglikheid, netheid, noukeurigheid, akkuraatheid, etiese gedrag, gesonde oordeel, georganiseerdheid sowel as kritiese, logiese en analitiese vermoëns. **Rekeningkunde is 'n opwindende, interessante en dinamiese vak. Besluit dadelik om dit te geniet, of selfs beter, om daarvoor lief te wees!**

Die volgende is 'n inspirerende aanhaling deur Walter Elliot:

“VOLHOUDING is nie 'n lang wedloop nie, dit is baie kort resies een na die ander”

Breek jou werk op in meer behaalbare dele en sien uitdagings as geleenthede vir groei.

Wees passievol oor jou Rekeningkunde, skep 'n **visie** van wat jy daarmee wil bereik en reageer op jou passie en visie deur hard te werk aan die vak, dan **sal** jy suksesvol wees.

Alles van die beste.

Me JP Conradie

WKOD SKB Rekeningkunde

Sessie	Datum	Tyd	Onderwerp
1	03/03/2025 Eng 04/03/2025 Afr	15h00-16h00	Kontantvloeistaat
2	27/08/2025 Eng 28/08 /2025 Afr	15h00-16h00	Finansiële state (SVOI & SVFP)



SESSIE 1: KONTANTVLOEISTAAT



Hoofdoel van die Kontantvloeistaat:

Om die effek van besigheidsaktiwiteite op die kontantbronne te weerspieël op:

- hoe kontant gegenereer is
- hoe die kontant aangewend is

Besigheidsaktiwiteite word in drie breë tipes aktiwiteite verdeel, naamlik: bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite:

Bedryfsaktiwiteite:

- Dit is die belangrikste inkomste verdienste aktiwiteite van die maatskappy.
- Hulle hou direk verband met die hoofdoelwit van 'n maatskappy en moet in 'n breë sin beskou word.
- Die kontant wat deur bedryfsaktiwiteite gegenereer word, is miskien die belangrikste aanduiding van 'n maatskappy se sukses, want dit hou verband met die hoofdoel van die stigting van die maatskappy

Beleggingsaktiwiteite:

- Dit behels die werklike vestiging van die infrastruktuur van 'n maatskappy sodat dit in 'n posisie is om inkomste te verdien.

Finansieringsaktiwiteite:

- Dit is die aktiwiteite wat betrokke is by die finansiering van die infrastruktuur van die maatskappy.
- Dit lei tot die verandering in die grootte en samestelling van die skuld en die kapitaalfinansiering

FORMAAT VAN DIE KONTANTVLOEISTAAT			
	Notas	R	
Kontantgevolge uit bedryfsaktiwiteite		XXXX	A
Kontant gegenereer uit bedrywigheide	1	XXX	
Rente betaal		(XXX)	
Dividende betaal	3	(XXX)	
Inkomstebelasting betaal	4	(XXX)	
Kontantgevolge uit beleggingsaktiwiteite		(XXXX)	B
Vaste bates aangekoop	5	(XXX)	
Opbrengs uit die verkoop van vaste bates		XXX	
Verandering in belegging		XXX	
Kontangevolge uit finansieringsaktiwiteite		XXXX	C
Uitreik van nuwe aandele		XXX	
Terugkoop van aandele		XXX	
Veranderinge in nie-bedryfslaste		(XXX)	
Netto verandering in kontant & kontantekwivalente	2	(XXXX)	D
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	2	XXX	
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	2	XXX	



SESSIE 1: KONTANTVLOEISTAAT

AKTIWITEIT 1

Jy word voorsien van inligting wat verband hou met Doonside Bpk, 'n openbare maatskappy, vir die boekjaar geëindig 29 Februarie 2024.

GEVRA:

- 1.1 Berei die Behoue Inkomstenota op 29 Februarie 2024 voor.
- 1.2 Bereken die volgende soos dit in die kontantvloeistaat sou verskyn:
 - 1.2.1 Dividende betaal
 - 1.2.2 Belasting betaal
- 1.3 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat:
 - 1.3.1 Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite
 - 1.3.2 Netto verandering in kontant en kontantekwivalente
- 1.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024:
 - 1.4.1 Dividende per aandeel
 - 1.4.2 Skuld/ekwiteitsverhouding
 - 1.4.3 % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (OOTKA)



SESSIE 1 | Kontantvloiestaat

INLIGTING:

A. 'n Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024

Waardevermindering	33 500
Rente op lening	164 450
Netto wins voor belasting	846 540
Inkomstebelasting	253 290

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op:

	29 Feb 2024 R	28 Feb 2023 R
Gewone aandeelhoudersbelang	?	1 443 000
Gewone aandeelkapitaal	2 354 355	1 056 960
Behoue Inkomste	?	386 040
Nie-bedryfslaste	300 000	1 525 000
Belegging in vaste deposito	30 000	50 000
Kontant en kontantekwivalente	1 250	45 000
Oortrokke Bank	47 500	-
Vaste/Tasbare bates teen drawaarde	3 440 8850	2 967 500
SAID (Inkomstebelasting)	Dt 7 500	Kt 7 750
Aandeelhouders vir dividende	133 344	52 525



C. Aandelekapitaal

?	Aandele uitgereik op 1 Maart 2023
200 000	Addisionele aandele is op 1 April 2023 uitgereik
3 500	Aandele is op 1 Desember 2023 teruggekoop. EFO betaling, R22 400, is ten gunste van die betrokke aandeelhouders aangeteken.
416 700	Aandele is op 29 Februarie 2024 uitgereik

D. Vaste Bates:

- Vaste bates is vir R100 000 kontant teen drawaarde verkoop.
- Grond en geboue is gedurende die finansiële jaar aangekoop.

E. Dividende:

- Tussentydse dividend van 40 sent per aandeel is verklaar en betaal op alle aandele wat op 1 September 2023 in uitreik was. Finale dividende is op alle aandele wat op 29 Februarie 2024 in uitreik was, verklaar.



SESSIE 1 | Antwoordblad



Aktiwiteit 1

1.1

BEHOUE INKOMSTE	
Saldo aan die begin	386 040
Finale	133 344

1.2.1

Dividende betaal	
BEWERKINGS	ANTWOORD

1.2.2

Belasting betaal	
BEWERKINGS	ANTWOORD



Aktiwiteit 1

1.3.1

Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	
Verandering in finansiële bates	20 000

1.3.2

Netto verandering in kontant en kontantekwivalente	
Kontant en kontantekwivalents aan die begin	
Kontant en kontant ekwivalente aan die einde	



SESSIE 2: VRAESTEL 1 HERSIENING: Finansiële state

AKTIWITEIT 1

ZINO BEPERK

Die inligting hou verband met die boekjaar geëindig 30 Junie 2024. Die besigheid verkoop grassnymasjiene.

GEVRA:

- 1.1 Verwys na inligting B (ii).
Bereken die waarde van die voorraad wat gesteel is.
- 1.2 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2024
- 1.3 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie op 30 Junie 2024.

LET WEL: Sommige bedrae word in die ANTWOORDBOEK verskaf.

A. Uittreksel: Saldo's en totale uit die rekords op 30 Junie 2024.

Gewone aandelekapitaal (3 000 000 aandele)	19 650 000
Behoue inkomste	?
Lening: OV Bank	1 304 000
Debiteurekontrole	495 000
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	300 000
Voorsiening vir oninbare skulde	2 355
Krediteurekontrole	529 800
Bank (gunstig)	?
Handelsvoorraad	2 195 550
Aandeelhouers vir dividende	1 980 000
Verkope	?
Koste van verkope	15 660 000
Huurinkomste	98 500
Kommissie inkomste	626 400
Ouditfooie	81 000
Direkteursfooie	450 000
Advertensie	36 000
Dividende op gewone aandele	1 010 000



SESSIE 2

B Aansuiwerings en addisionele inligting:

- (i) Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 75% op kosprys. Spesiale klante is handelskorting van R216 000 toegestaan.
- (ii) Tydens 'n inbraak by die pakhuis is grassnymasjiene gesteel. Die besigheid het R35 000 van die versekeringsmaatskappy ontvang en aangeteken, wat 80% van die waarde van die masjiene is aangesien dit onderverseker was. Geen ander inskrywings is gemaak nie.
- (iii) Ouditfooie nog uitstaande aan die einde van die finansiële (boek)jaar, R9 500.
- (iv) 'n Jaarlikse advertensiekontrak is met 'n plaaslike koerant onderteken met ingang 1 Oktober 2023. R24 000 is betaal.
- (v) Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R1 975 aangesuiwer word.
- (vi) 'n Klant wat sy rekening met R2 800 oorbetal het, het versoek dat die oorbetal na sy krediteurerekening oorgeplaas word aangesien hy ook die kantoor van skryfbehoeftes voorsien.
- (vii) Zino Bpk. verdien kommissie van R25 per eenheid verkoop van STIHL-vervaardigers. Kommissie op 900 eenhede vir Junie is nog verskuldig.
- (viii) Die maatskappy het hul TWEE direkteure betaal tot 31 Desember 2023. Hulle verdien dieselfde fooie. 'n Derde direkteur is op 1 April 2024 teen dieselfde maandelikse tarief as die ander twee direkteure aangestel. Geen direkteursfooie is in die tweede helfte van die jaar betaal nie.
- (ix) Persele word sedert 1 Augustus 2023 verhuur met 'n ooreenkoms dat huur met R800 per maand verminder word met ingang van 1 Mei 2024. Huur vir Junie 2024 is nog nie ontvang nie.
- (x) 'n Addisionele voorlopige belastingbetaling van R200 000 is op 30 Junie 2024 gemaak (dit is nie aangeteken nie). Hierna was inkomstebelasting wat nog aan die SAID verskuldig was aan die einde van die jaar R60 000.
Belasting word bereken teen 28% van die netto wins voor belasting.
- (xi) Lening van OV Bank:
 - Die leningsaldo op 1 Julie 2023 het R1 490 000 beloop.
 - Rente van R120 100 op die lening is gekapitaliseer.
 - 'n Vaste maandelikse paalement (insluitend rente) is ten volle betaal en aangeteken.
 - Weens moeilike ekonomiese toestande het Zino Bpk. met OV Bank onderhandel om die oorspronklike termyn van die lening te verleng. Die bank het tot hierdie versoek ingestem, en sodoende die kapitaalgedeelte van die leningterugbetaling met 5% oor die volgende finansiële jaar verminder.
- (xii) **Die volgende finansiële aanwysers is op 30 Junie 2024 bereken, nadat alle aansuiwerings in ag geneem is:**

Netto batewaarde per aandeel	675 sent
Bedryfsverhouding	1,3 : 1



SESSIE 2 | Finansiële state



Aktiwiteit 1

1.1 Bereken die waarde van die voorraad wat gesteel is.	
BEWERKINGS	ANTWOORD

1.2 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2024

Verkope	
Koste van verkope	(15 660 000)
Bruto wins	
Ander inkomste	
Kommissie-inkomste (626 400)	
Bruto bedryfsinkomste	
Bedryfsuitgawes	
Salarisse en lone	
Waardevermindering	
Diverse uitgawes	
Ouditfooie (81 000)	
Bedryfswins	
Rente-inkomste	
Wins voor rente-uitgawe	
Rente-uitgawe	(120 100)
Wins voor belasting	
Inkomstebelasting	
Netto wins na belasting	



SESSIE 2

1.3 Staat van Finansiële Posisie op 30 Junie 2024

BATES	
NIE-BEDRYFSBATES	
Vaste bates	
Belegging: Vaste deposito	
BEDRYFSBATES	
Handels- en ander debiteure (495 000)	
TOTALE BATES	
EKWITEIT EN LASTE	
AANDEELHOUERSBELANG	
Gewone aandelekapitaal	19 650 000
NIE-BEDRYFSLASTE	
BEDRYFSLASTE	
Handels- en ander betaalbares (529 800)	
SAID: Inkomstebelasting	60 000
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	